

Swart skaap, swart



DIE bufferstrook pas in 'n bababedjie met binnemaat 128 x 64 cm. Indien dit vir 'n kleiner of groter bababedjie gemaak word, kan die posisie van die lyne wat die strook in drie verdeel so verander word om te pas. Meet die breedte van die bababedjie (binne) om die mate vir die middelste deel te kry. Teken dit oor op die patroon. Die sydele sal dan net langer of korter wees.

BENODIGDHEDE

1,40 m groen lakenstof (230 cm breed)
0,50 m pienk lakenstof (230 cm breed)

0,90 m bont lakenstof (230 cm breed)
oorskietstukkies swart en wit katoenstof vir die appliekwerk

1,80 m liggewig watteersel

3 stukkies skuimrubber wat binne-in die drie dele van die bufferstrook pas (2 cm dik)

bypassende gare
swart borduurgare
drie drukkertjies
ruitpapier (5-cm-ruite).

NATREK VAN PATROON

Die patroon wat vir die bufferstrook aangegee is, moet vergroot word. Elke blok-

kie = 5 cm.

Teken die patroon volgens diagram oor op ruitpapier. Teken die afsonderlike vorms na en knip uit. Nommer elke vorm soos op die patroon en let daarop dat die vorms mekaar oorsleutel (op die patroon met stippellyne aangedui).

KNIPAANWYSINGS

Knip twee stroke 183 x 56 cm; een rantjie (nr. 1) en een rantjie (nr. 2) uit groen lakenstof. Knip een strook 183 x 43 cm vir die lug; een boom (nr. 3); twee bome (nr. 4) en een boomstam (nr. 5) uit pienk lakenstof.

Knip drie stroke 120 x 15 cm en twee stroke 76 x 15 cm vir die valle; vier stroke 74 x 8 cm vir die bandjies, een dubbelrantjie (nr. 11), een boom (nr. 12), een boom (nr. 13), en twee boomstamme (nr. 14) uit bont lakenstof. Knip vier skape (nr. 6), twee wolke (nr. 7), een wolk (nr. 8) en een wolk (nr. 9) uit wit katoen. Knip 16 skaapbene (nr. 10) uit swart katoenstof.

AANWYSINGS VIR APPLIEKWERK

Die lang pienk lakenstofstrook (183 x 43 cm) word gebruik as agtergrond vir die appliekwerk. Verwys na die diagram en ryg elke vorm in posisie (diagram 1). Plaas stukke oor mekaar waar nodig. Applikeer dan met 'n fyn sigsagsteek al om die rand. Pars goed. Gebruik swart borduurgare en werk die skape se neuse en oë met satynsteek (diagram 6), en die bakkies met agtersteek (diagram 7).

AANWYSINGS VIR BUFFERSTROOK

Slaan onderste rand van appliekstrokie 1,5 cm na verkeerde kant om en stik. Pars. Herhaal met groen strook. Ryg watteersel aan die verkeerde kant van die appliekstrook. Stik die bufferstrook om die kante en buitelyne van die rantjies en op voulyne deur (diagram 2). Die valletjies word in vyf verskillende dele gemaak. Vou elke strook oor die lengte in twee met regte kante op mekaar en rond die punte af soos aangedui (diagram 3). Stik. Knip oortollige stof af en keer die regte kant na buite. Pars. Ryg in by rafelkante (diagram 4). Ryg die drie langer valle in sodat dit op die boonste rande van die appliekstrokie pas (soos aangedui, diagram 5). Stik op die regte kant met rafelkante op mekaar (soos aangedui, diagram 5) - 1,5 cm word vir die naat toegeleat. Herhaal aan die kante met die korter valle. Ryg die appliek- en groen strook aan mekaar met regte kante op mekaar en die val tussenin en stik langs die kante en die boonste rand (diagram 10). Die naattoelating is 1,5 cm. Om die vier bandjies te maak: Slaan 5 mm na verkeerde kant om al om die rand van die strokies. Vou elke strook oor die lengte in twee met verkeerde kante op mekaar en stik so na as moontlik aan die rand. Speld bandjies (soos aangedui, diagram 9) op die boonste

skaap, het jy baie wol...

rand van die bufferstrook aan die verkeerde kant, by buitehoeke en hoekvoullyne in posisie en stik.

Plaas die skuimrubber binne-in die bufferstrook en werk 'n drukkertjie in die middel van elke deel om die skuimrubber binne te hou.

DEKEN

BENODIGDEHEDE

30 cm pienk lakenstof (230 cm breed)
1 m bont lakenstof (230 cm breed)
oorskietstukkie swart en wit katoenstof vir die appliekwerk
50 cm swaargewig-watteersel
bypassende gare
swart borduurgare

KNIPAANWYSINGS

Knip 2 stukke 84 x 64 cm uit bont lakenstof vir die voor- en agterpant van die deken. Knip 2 stroke 150 x 15 cm en twee stroke 100 x 15 cm uit bont lakenstof. Knip 2 stroke 150 x 8 cm en twee stroke 100 x 8 cm uit pienk lakenstof. Knip ook 'n stuk watteersel 80 x 50 cm. Knip volgens die skaap-patroon (diagram 12), drie skape uit wit katoenstof en twaalf bene uit swart katoenstof.

AANWYSINGS

Rangskik die skape op een stuk bont lakenstof soos aangedui (diagram 11). Volg aanwysings vir bufferstrook vir appliekwerk en valletjies. Ryg eers die pienk valletjie in en stik dit aan die regte kante van die deken met rafelkante op mekaar. Herhaal met bont valletjie (diagram 11). Stik die boonste appliekstuk aan die onderste bont stuk met regte kante op mekaar en valletjies na binne gevou. Laat 'n klein opening. Keer regte kant na buite. Plaas watteersel binne-in en werk met die hand toe. Deurstik deken om elke skaap.

BEWERTJIE

BENODIGDEHEDE

20 cm wit vilt en 10 cm groen vilt (91 cm breed)
oorskietstukke swart, pienk en geel vilt
oorskietstukke aanstryk-tussenvoering
twee stokke
vislyn
bypassende gare
groen borduurgare en papier met 1-cm-ruite.

KNIPAANWYSINGS

Gebruik die patroon vir die skaap op die deken (diagram 12), boom (nr. 4) en wolk (nr. 8) op die bufferstrook. Knip vier skape en 8 wolke uit wit vilt. Knip sestien bene uit swart vilt, vier bome uit groen vilt en vier boomstamme uit pienk vilt. Vergroot sonpatroon wat aangegee is (diagram 13). Elke blokkie = 1 cm. Knip son twee keer uit geel vilt. Knip 20 blomme volgens die blompatroon (diagram 14).



AANWYSINGS

Skaap: Stik twee-twee om die rand aan mekaar, maar laat 'n klein opening. Stop liggies op. Stryk tussenvoering aan verkeerde kant van bene vas. Stik bene twee-twee aan mekaar met verkeerde kante op mekaar. Plaas bene in die opening in posisie en werk toe. Borduur oë, mond en neus met borduurgare.

Bome: Werk vyf blomme met 'n Franse knoop aan elke boom (diagram 8). Stryk tussenvoering aan die verkeerde kant vas en volg aanwysings vir die skape.

Wolke: Stik twee-twee aan mekaar, maar laat 'n klein opening. Stop liggies op en werk toe.

Son: Volg aanwysings vir wolke.

OM BEWERTJIE AANMEKAAR TE SIT (diagram 15)


Bind die twee stokke in die middel oorkruis aan mekaar. Bind 'n wolk aan elke

'n Bufferstrook met 'n pragtige toneel van skape, rantjies, bome en wolke keer dat baba sy kop stamp, en 'n bewertjie met eenderse ontwerpe sal hom ure lank vermaak. Rond die stel met 'n bypassende deken af

skaap en boom met vislyn vas met ongeveer 12 cm tussenin. Knoop vas aan die stokke omtrent 2,5 cm van die punt van die stokke af. Verander die lengte en die posisie totdat die bewertjie gebalanseerd is. Hou die vislyn in posisie met 'n titselfie gom.

NA BLADSY 42

Swart skaap, swart skaap, het jy baie wol . . .



hoekvoullyne
diagram 1




diagram 2




diagram 3




diagram 4

diagram 6



diagram 7



diagram 8




diagram 5





diagram 9




diagram 10



diagram 11




diagram 12

NA BLADSY 49

**Die gewatteerde deken vir
baba se bedjie lyk nie net
pragtig nie, maar is ook
maklik en vinnig om te maak**

BENODIGDHEDE

1 m wit katoen (120 cm breed)
1,5 m wasbare roomkleurige sy (120 cm breed)
0,5 m roomkleurige geborduurde moeseliën (122 cm breed)
500 g wasbare sintetiese watteersel

METODE

Stryk al die materiaal deeglik. Gebruik 0,5 m van die roomkleurige sy en knip 60 vierkante van 10 vk cm daaruit. Sny 120 vierkante van 7,5 vk cm elk uit die katoenmateriaal en 60 vierkante van 10 vk cm elk uit die moeseliën.

Speld 'n katoenvierkant en 'n syvierkant met verkeerde kante op mekaar vas. Om die vierkante op mekaar te laat pas, moet 'n plooi in die middel van elke sy van die syvierkante gevou en vasgespeld word (kyk skets 1).

Stik 'n 6-mm-naat om drie sye. Laat een kant oop. Stop watteersel aan die oop kant van vierkant in. Moenie te styf stop nie. Maak 'n plooi in die middel soos by die ander sye, en stik toe.

Doen dieselfde met al die katoen-en-moeseliënvierkante en met die orige 59 syvierkante. (Elke vierkant het dus 'n katoenrugkant.)

Jy kan die kwilt so groot maak soos jy wil deur die aantal vierkante te vermeerder.

Stik die gestopte vierkante aan mekaar vas. Wissel die moeseliën- en syvierkante af.

Om die vierkante aan mekaar vas te stik, moet jy met die regte kante op mekaar al langs die bestaande naat van elke vierkant afstik. Stik 12 vierkante op dié manier aan mekaar vas om 'n ry te vorm. Maak nou 10 rye van 12 vierkante elk en stik die rye aan mekaar vas.

Plaas nou die voltooide stuk werk met die regte kant na bo op die verkeerde kant van die orige stuk systof. Die systof moet by drie sye 10 cm en aan die bokant 20 cm verby die gestopte vierkante steek.

Vou die stukke wat verbystee in die helfte na bo, vou die rafelkante na binne en stik netjies rondom vas (kyk skets 2).

Die systof moet só omgevou word dat die punte nie oor die gestopte vierkante gestik word nie, maar net die naatge-deeltes om die rand van die kwilt bedek.

NA BLADSY 49

Swart skaap, swart
skaap, het jy baie wol . . .

VAN BLADSY 47






diagram 14



Slaap my
kindjie . . .

VAN BLADSY 42

Nou kan jy
'n dīnee maak
van 'n dīs.
Meer-dīkwels.



Nou kan u dit bekostig om meer rojaal met sampioene te werk. Want Silverstream-sampioene se prys is só reg dat u dit kan bekostig om hulle meer dikwels te geniet – vars of ingemaak. Maak dus gerus 'n hoender heerliker, maak versnaperings verruklik en sosaties smulsmaaklik met heel Silverstream-sampioene. Daar's geen rede om vir 'n spesiale geleentheid te wag nie.

SILVERSTREAM
DIE MEER-DIKWELS SAMPIOEN